Livestock VLEISBEES-INLIGTINGSDAG

PROGRAM: GRATIS VLEISBEES-INLIGTINGSDAG

VRYDAG 12 OKTOBER 2018

STANDARD BANK KONFERENSIESENTRUM

08:00-09:00	**Registrasie** *Registration*	
09:00-09:15	**Verwelkoming en ordereëlings** *Welcome and opening remarks*	**Breyton Milford** Operasionele Bestuurder, Agri-Expo
09:15-10:00	**Finansiële bestuur van jou boerdery** *Financial management of your farming enterprise*	**Nico Groenewald**

Nico Groenewald is hoof van Agribesigheid by Standard Bank. Hy het op 'n familieplaas in Mpumalanga op die Hoëveld grootgeword en boer steeds deeltyds. Nico het landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria studeer. Hy het aanvanklik as junior landbou-adviseur by Standard Bank begin werk. Nadat hy 'n MBA verwerf het, het hy weer in 1997 by Standard Bank aangesluit, waarna hy in 2016 as hoof van Agribesigheid aangestel is.

10:00-10:45	**Die basiese beginsels van suksesvolle vleisbeesboerdery** *The basic principles of a successful beef cattle farm*	**Llewellyn Angus**

Die bekroonde vleisbeesteler Llewellyn Angus boer sedert 1979 in die Arlington distrik in die Oos-Vrystaat. Hy het grade in landbou, antropologie en sielkunde verwerf. Hy is 'n gesogte nasionale en internasionale senior interrasbeoordelaar, 'n Simmental en Simbra ras-assessor en voormalige president van die Simmental/Simbra-telersvereniging. Llewellyn is in 2005 as Vrystaatse Boer van die Jaar aangewys en in 2017 het hy die Landbounavorsingsraad (NLR) se toekenning vir Nasionale Vleisbeesverbeteringskudde van die Jaar gewen. Hy is ook die lewenslangse ere-voorsitter van die SA Veeregistrasie Federasie.

10:45-11:30	**Vra vir Faffa op Landbou.com: Nuut en beter** *Vra vir Faffa (Ask Faffa) on Landbou.com: New and better*	**Dr. Faffa Malan**

Dr. Faffa Malan, alom bekend as Dok Faffa, Suid-Afrika se bekendste virtuele veearts, stel sy verbeterde "Vra vir Faffa"-portaal as deel van die nuwe Kundiges-afdeling op Landbou.com bekend. Dok Faffa is die bestuurder van die Herkouerveterinêre Vereniging van Suid-Afrika (RuVASA). Hy is bekend as skrywer van gewilde boeke soos "Wat kleinveeboere moet weet" en as uitvinder van die Famacha-stelsel – die Faffa Malan-grafiek vir die identifisering van interne parasiete. **Dok Faffa se deelname aan Livestock word moontlik gemaak deur *Landbouweekblad*.**

11:30-12:15	**Korrekte voedingsbestuur by koeie en verse** *Correct feeding management for cows and calves*	**Dr. Vlok Ferreira**

Dr. Vlok Ferreira is RCL Foods se Nasionale Tegniese Bestuurder. Hy stel spesifiek belang in herkouervoeding en -bestuurstelsels. Dr. Vlok is die skrywer en medeskrywer van 38 wetenskaplike artikels, meer as 500 populêre wetenskaplike publikasies en 45 kort kongresreferate. Sy verantwoordelikhede wissel van tegniese dienste tot bemarking, waaronder advies aan verspreiders, kliënte en verkoopsverteenwoordigers; lesings aan boerevereenigings, studiegroepe en boeredae; en rantsoenformulering en -evaluering.

12:15-13:00	**Veediefstalvoorkoming: Die beskermheer** *Livestock theft prevention: The guardian*	**Willie Clack**

Willie Clack is reeds sedert 1979 by korrektiewe dienste en strafreg betrokke. Hy het in 1992 by die akademie aangesluit en het sedertdien internasionaal sy merk as navorser en spreker gemaak. Willie is 'n senior lektor by Unisa se Kollege vir Regte. Hy boer deeltyds met vee en lusern in Vermaas, Noordwes. Willie is sedert 2006 in verskeie rolle by georganiseerde landbou betrokke waaronder as ondervoorsitter van die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) en Nasionale Voorsitter van die Veediefstalvoorkomingsforum. Hy is in Januarie 2018 verkies tot tweede ondervoorsitter van die RPO.

13:00	**Opsomming en samevatting** *Summary and conclusion*	**Breyton Milford**

NICO GROENEWALD

LLEWELLYN ANGUS


DR. FAFFA MALAN

DR. VLOK FERREIRA

WILLIE CLACK

BREYTON MILFORD

Western Cape Government
Agriculture
BETTER TOGETHER.

Standard Bank